basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

## 2022

## NOORD-KAAP

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 40**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 10 bladsye.**

**NASIEN VAN DIE LETTERKUNDE**

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.

2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/ EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.

4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING-vrae word geen punte toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.

5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.

6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.

7. Aanvaar dialektiese variasies.

8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

## AFDELING A: KORTVERHALE

## VRAAG 1: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer

## VERHAAL A: "ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK" – Abraham H de Vries

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1.1 | Rooikoos Willemse | 1 |
| 1.1.2 | • Die leser leer hom die beste ken.<br>• Dit is die karakter wat die meeste verandering ondergaan.<br>• Die verhaal gaan oor Rooikoos/wat Rooikoos doen.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Antwoord op Vraag 1.1.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 1.1.2 te verdien)* | 1 |
| 1.2 | Barrydale | 1 |
| 1.3 | • Sy gesig was skoon./Sy baard was afgeskeer./Hy het nie meer 'n baard gehad nie.<br>• Sy kop was swart/sy kop was nie meer rooi nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.4 | • Die kelner het Rooikoos se koffie gebring.<br>• Rooikoos het besef hy is nie in sy eie hotelkamer nie.<br>• Rooikoos het sy klere aangetrek.<br>• Rooikoos het met Jan gepraat. | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 1.5.1 | Rooikoos en die Barrydalers<br>*(albei karakters moet genoem word om die punt te verdien)* | 1 |
| 1.5.2 | • Rugby(spanne)<br>• Rooikoos wat gevloek het/met die Barrydalers baklei het/veroorsaak het dat Barrydale nie gewen het nie.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Antwoord op Vraag 1.5.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 1.5.2 te verdien)* | 1 |
| 1.6.1 | outydse | 1 |
| 1.6.2 | • "staan 'n **telefoonhokkie**"/daar word<br>• "draai die **slingertjie**"<br>• "die **sentrale** sê vir hom"<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Penaliseer nie indien dit nie tussen aanhalingstekens is nie)*<br>*(Kandidate kan ook omskryf/verduidelik)*<br>*(Antwoord op Vraag 1.6.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 1.6.2 te verdien)* | 1 |
| 1.7.1 | aggressief geraak | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.7.2 | • Hy en die Barrydalers het in die kroeg rusie gemaak.<br>• Hy het die Barrydalers geskel/gevloek.<br>• Hy en die Barrydalers het amper vuisgeslaan.<br>• Tydens die rugbywedstryd het hy op die losskakel geskreeu.<br>• Hy het vir ander mense "julle ditse-datse"/"ditsemsedatsemse" gesê.<br>• Daar was konflik tussen Rooikoos en die Barrydalers.<br>• Wanneer hy nugter was, was Rooikoos 'n goeie man.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Antwoord op Vraag 1.7.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 1.7.2 te verdien)* | 2 |
| 1.8.1 | verkeerd | 1 |
| 1.8.2 | • Hulle het geweet Rooikoos het 'n drankprobleem.<br>• Jy gee nie drank vir iemand wat 'n drankprobleem het nie.<br>• Jy moet eerder iemand met 'n drankprobleem help om nie te drink nie.<br>• Hulle het geweet hy raak aggressief as hy te veel drink.<br>• Hulle moes nie sy probleem vererger het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Antwoord op Vraag 1.8.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 1.8.2 te verdien)* | 1 |
| 1.9.1 | • Hy moet iemand vra om hom in Barrydale te kom haal.<br>• Hy moet die Barrydalers om verskoning gaan vra/askies sê.<br>• Hy moet ophou drink. (Aanvaar verbuiging van drink, bv. drank/dronk.)<br>• Hy moet sy lewe regruk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.9.2 | • Hy sou kon terug gaan na sy blyplek.<br>• Hy sou vrede maak met die Barrydalers./Die Barrydalers sou hom vergewe het.<br>• Hy sou 'n beter lewe kon hê as hy nie so baie gedrink het nie.<br>• Hy sou nie weer in sulke situasies beland het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Antwoord op Vraag 1.9.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 1.9.2 te verdien)* | 1 |
| 1.10 | B/goeie keuses | 1 |

**VERHAAL B: "DIE WEDLOOP" – Pirow Bekker**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.11.1 | Ek-verteller | 1 |
| 1.11.2 | • Salmon/Die hoofkarakter vertel self die storie.<br>• Salmon vertel wat hy self dink en doen en wat al die ander karakters doen.<br>• Die verteller gebruik die woorde ek/ons/my.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Antwoord op Vraag 1.11.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 1.11.2 te verdien)* | 1 |
| 1.12 | hoogspring | 1 |
| 1.13 | by Vis se huis | 1 |
| 1.14.1 | E/het besluit om nie alleen te gaan hardloop nie. | 1 |
| 1.14.2 | D/is maklik omgepraat om die reëls te oortree. | 1 |
| 1.14.3 | B/het geld op die atlete verwed. | 1 |
| 1.14.4 | A/het seker gemaak die atlete rus genoeg. | 1 |
| 1.15 | Letterlik:<br>• Die verhaal gaan oor 'n wedloop.<br>• Die verhaal gaan oor 'n atletiekbyeenkoms.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>Figuurlik:<br>• Die twee seuns is altyd in kompetisie met mekaar.<br>• Die wedloop wat hulle aan die einde voltooi het, was nie die wedloop waarvoor hulle geoefen het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1<br><br><br><br><br><br>1 |
| 1.16.1 | Noordburg | 1 |
| 1.16.2 | • Kompeterend/Vis en Salmon kompeteer teen mekaar.<br>• Gespanne/die grootmense oefen druk op die kinders uit.<br>*(Kandidate kan ook na enige gepaste voorval verwys)*<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.17.1 | Vis | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.17.2 | Aan die begin ...<br>• was Vis arrogant/vol selfvertroue.<br>• was Vis lelik met Salmon.<br>• wou Vis ten alle koste wen.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>Aan die einde ...<br>• het Vis teenoor Salmon erken dat hy nie meer die atletiek geniet nie.<br>• het Vis vir Salmon gehelp toe sy voet seergekry het.<br>• het Vis besluit om nie alleen die wedloop te hardloop nie/om Salmon terug te dra na die atletiekveld toe.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Antwoord op Vraag 1.17.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 1.17.2 te verdien)* | 1<br><br><br><br><br><br>1 |
| 1.18.1 | • Salmon het sy voet gesny.<br>• Hy kon nie die wedloop hardloop (waarvoor hy die hele jaar voorberei het) nie.<br>• Hy het in die moeilikheid beland omdat hy ongehoorsaam was.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.18.2 | Ek sou ...<br>• Salmon 'n regverdige kans gegee het om teen Vis te hardloop.<br>• die seuns laat hardloop het en hulle gelykop laat eindig het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.19.1 | • Salmon moes na die onderwyser geluister het en onder die bome gerus het.<br>• Salmon het saam met Vis roomys geëet wat teen die reëls was.<br>• Salmon het die atletiekveld verlaat.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.19.2 | Ek sou eerder ...<br>• gerus het voor ek weer deelneem.<br>• nie die atletiekveld verlaat het nie.<br>• vir Vis geïgnoreer het.<br>• na die onderwyser geluister het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Antwoord op Vraag 1.19.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 1.19.2 te verdien)* | 1 |
| 1.20 | D/dit is belangriker om 'n goeie mens te wees as om altyd te wil wen. | 1 |

| | |
|---|---|
| **TOTAAL:** | **40** |

## AFDELING B: DRAMA

## VRAAG 2: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.1.1 | toneelaanwysings | 1 |
| 2.1.2 | • Dit sê wat die akteurs moet doen.<br>• Dit sê vir die leser wat op die verhoog gebeur/hoe die verhoog moet lyk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Antwoord op Vraag 2.1.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 2.1.2 te verdien)* | 1 |
| 2.2 | • Hy moes die stalle uithark/ou strooi/gras uit die stalle haal/die stalle skoonmaak.<br>• Hy moes vars strooi in die stalle sit.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.3 | (Aan die) saals<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.4 | • Lucky het iemand se katjies doodgemaak.<br>• Die magistraat het gesê Lucky moes gemeenskapsdiens doen.<br>• Lucky kom by Wilma se perdeplaas aan.<br>• Lucky ontmoet vir Binki. | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 2.5.1 | • Silwerkloof(stalle)<br>• Wilma se perdeplaas<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.5.2 | "skoorvoetend"<br>*(Penaliseer nie indien die woord nie tussen aanhalingstekens is nie.)* | 1 |
| 2.6.1 | modern | 1 |
| 2.6.2 | • " 'n paar **SMS'e** stuur "/Lucky stuur SMS'e.<br>• " *selfoon* "/Hulle gebruik selfone.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Penaliseer nie indien dit nie tussen aanhalingstekens is nie)*<br>*(Antwoord op Vraag 2.6.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 2.6.2 te verdien)* | 1 |
| 2.7.1 | omgee vir ander mense | 1 |
| 2.7.2 | • Sy het ingestem dat Lucky sy gemeenskapsdiens op die perdeplaas kan doen.<br>• Sy het haar oor Binki ontferm/vir Binki blyplek gegee/vir Binki gehelp.<br>• Sy het gestremde kinders gehelp.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Antwoord op Vraag 2.7.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 2.7.2 te verdien)* | 2 |
| 2.8.1 | reg | 1 |

Kopiereg voorbehou 

| | | |
|---|---|---|
| 2.8.2 | • Lucky het diere mishandel./Hy het (ses) katjies verdrink.<br>• Lucky moes leer om diere te respekteer.<br>• Lucky moes leer om verantwoordelikheid vir sy dade te aanvaar.<br>• Lucky moes uit sy foute leer/leer wat is reg en verkeerd.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Antwoord op Vraag 2.8.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 2.8.2 te verdien)* | 1 |
| 2.9.1 | • Hy moet na Wilma luister/doen wat Wilma vra/gehoorsaam wees.<br>• Hy moet ordentlik met Wilma praat/Wilma respekteer/met respek met Wilma praat.<br>• Hy moet sy houding verander.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.9.2 | • Daar sou vrede tussen hom en Wilma wees.<br>• Wilma sou nie gedreig het om hom weg te stuur nie.<br>• Dit sou Lucky se lewe makliker maak/hom help om uit die moeilikheid uit te bly.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Antwoord op Vraag 2.9.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 2.9.2 te verdien)* | 1 |
| 2.10 | D/genesing. | 1 |
| 2.11.1 | Lucky | 1 |
| 2.11.2 | • Die leser leer hom die beste ken./Hy is die meeste van die tyd teenwoordig.<br>• Dit is die karakter wat die meeste verandering ondergaan.<br>• Die drama gaan oor Lucky.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Antwoord op vraag 2.11.1 moet korrek wees om die punt by vraag 2.11.2 te verdien)* | 1 |
| 2.12 | water | 1 |
| 2.13 | • Lady Jane<br>• Tinkerbelle<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 2.14.1 | D/het nie van ryk mense gehou nie. | 1 |
| 2.14.2 | A/het nie maklik met ander mense gepraat nie. | 1 |
| 2.14.3 | E/het baie keer oorsee gereis. | 1 |
| 2.14.4 | B/het geweet hoe om met perde te werk. | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 2.15 | Letterlik:<br>Die drama gaan oor die fisieke krag van perde.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>Figuurlik:<br>Die drama gaan oor die genesende krag van perde.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1<br><br><br><br>1 |
| 2.16.1 | • Lucky wou vir Kaizer slaan./Lucky het die karwats by Kaizer gelig.<br>• Lucky het lelik met Kaizer gepraat.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Aanvaar ook aanhalings uit die teks)* | 1 |
| 2.16.2 | Kaizer het ...<br>• Lucky gestamp.<br>• Lucky teen die staldeur vasgedruk.<br>• bo-oor Lucky getrippel.<br>• kwaai gerunnik.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Aanvaar ook aanhalings uit die teks)* | 1 |
| 2.17.1 | Binki | 1 |
| 2.17.2 | Aan die begin ...<br>• was Binki skaam vir haar letsels.<br>• was Binki bang vir die perde.<br>• was Binki teruggetrokke.<br>• was Binki nie gemaklik om oor haar lewe te praat nie.<br>• het Binki haar ma op haar naam/Sabrina genoem.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>Aan die einde het Binki ...<br>• kaalarms rondgehardloop.<br>• saam met die perde gehardloop.<br>• maats geword met Lucky.<br>• vir Lucky alles vertel wat met haar gebeur het.<br>• Sabrina "Ma" genoem (en nie meer op haar naam nie)<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Antwoord op Vraag 2.17.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 2.17.2 te verdien)* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 2.18.1 | • Lucky het verstaan dat ander mense ook swaarkry.<br>• Hy het vrede gemaak met sy omstandighede.<br>• Hy het vriende gemaak met Binki.<br>• Hy het respek aangeleer vir diere/mense.<br>• Hy het 'n beter verhouding met die perde gehad.<br>• Hy het besef dat nie alle ryk mense varke/rotte is nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 2.18.2 | Ek sou ...<br>• dat Lucky se ma 'n werk kry waar sy meer geld sou kry.<br>• dat Lucky se ma op die perdeplaas kom werk het/dat die mense van Shangri La Villas weer vir Lucky se ma werk gee.<br>• dat Lucky naweke teen betaling by die stalle werk.<br>• dat Lucky vakansies op die plaas werk.<br>• Lucky toelaat om ook perd te ry.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.19.1 | Ek sou ...<br>• nie my letsels weggesteek het nie.<br>• daaroor gepraat het indien iemand gevra het.<br>• nie skaam gewees het nie.<br>• die letsels aanvaar, want ek kon niks daaraan verander nie.<br>• 'n dokter vir raad gevra het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.19.2 | • Mense sou my so aanvaar het.<br>• Ek sou vriende gehad het/nie so alleen gewees het nie.<br>• Ek sou dalk weer na 'n gewone skool toe gegaan het.<br>• Ek sou nie bang/skaam vir ander mense gewees het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Antwoord op Vraag 2.19.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 2.19.2 te verdien)* | 1 |
| 2.20 | C/die beste van jou omstandighede moet maak. | 1 |

| | |
|---|---|
| **TOTAAL:** | **40** |
| **GROOTTOTAAL:** | **40** |

Kopiereg voorbehou